

Kommunikasie uit die Raad

Die Raad van die Universiteit Stellenbosch (US) het op Maandag 28 November 2022 die laaste van sy vier geskeduleerde vergaderings vir die jaar gehou. Die vergadering het in hibridiese vorm plaasgevind, en die meeste lede het gekies om persoonlik by te woon.

Soos dit nou ons gewoonte is, het die Raad sy verrigtinge begin deur oor die Universiteit se restituisieverklaring na te dink.

Die Universiteit Stellenbosch (US) erken sy onlosmaaklike band met die geslagte van die verlede, hede en toekoms. In 2018, sy Eeufeesjaar, vier die US sy talle suksesse en prestasies. Die US erken terselfdertyd sy bydrae tot die onreg van die verlede. Hieroor het ons diepe berou. Ons vra sonder voorbehoud om verskoning aan die gemeenskappe en individue wat uitgesluit was van die historiese voorregte wat die US geniet het, en ons huldig die kritiese Matie-stemme wat nie tot swye gebring kon word nie. Uit verantwoordelikheid teenoor die huidige en toekomstige geslagte verbind die US hom onvoorwaardelik tot die ideaal van 'n inklusiewe wêreldklas-universiteit in en vir Afrika.

Die Khampepe-verslag, wat 'n onafhanklike kommissie ná 'n ondersoek na voorvalle van beweerde rassisme op kampus opgestel het, is druk bespreek. Hoewel die verslag uitwys dat die Universiteit al aansienlike vordering met sy transformasiewerk gemaak het, identifiseer dit ook swakplekke en tekortkominge in die US se transformasiereis.

Die Rektor het in sy [verslag en hoogtepunte](#), en [bylaag tot die hoogtepunte](#), aan die Raad onder meer aandag geskenk aan ontwikkelings en suksesse in die bou van ons internasionale profiel, ons prestasie op die *Times Higher Education*-ranglys, navorsingsuitnemendheid, sportprestasies, en die aansienlike toename in studieaansoeke vir 2023, wat bevestig dat die US steeds 'n gewilde keuse onder voornemende studente is.

Die Raad het met waardering kennis geneem van die suksesse van die Skool vir Klimaatstudie en die Skool vir Datawetenskap en Rekenaardienke, en die vordering wat hulle in 'n betreklike kort tyd gemaak het.

Prof Tulio de Oliveira en dr Sikhulile Moyo is gelukkig gewens met hulle aanwysing as die ontvangers van vanjaar se Duitse Afrikatoekenning. Die Duitse bondskanselier, Olaf Scholz, het die toekenning aan die twee wetenskaplikes verleen ter erkenning van hulle werk op die terrein van genomika en epidemiologie.

Nóg 'n noemenswaardige ontwikkeling op die gebied van navorsingsontwikkeling in Afrika was die Nobel in Afrika-simposia, wat in Oktober by die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) aangebied is. Dit was die eerste Nobel-simposiumreeks wat buite Skandinawië aangebied is. Die geleentheid het topwetenskaplikes gelok en uit sowel openbare as privaat wetenskapdiskoerse bestaan.

Laastens bring ek graag hulde aan almal – personeellede, studente, alumni en alle ander belanghebbendes – wat die afgelope jaar toegewyd en vasberade gewerk het om tot die US se sukses by te dra. Julle het die spreekwoordelike ligte aangehou en die wiele laat draai. Baie dankie.

Ek wens julle almal 'n vreugdevolle en feestelike vakansieseisoen toe en sien uit na 'n voorspoedige nuwe jaar.

Verdere besonderhede volg hieronder – lees gerus verder.

Vriendelike groete
Ainsley Moos

Voorsitter: US Raad

IMPLEMENTERING VAN DIE AANBEVELINGS IN DIE KHAMPEPE-VERSLAG

As deel van sy verslag aan die Raad, het die Rektor die uitvoerende bestuur se voorstel oor die pad vorentoe ten opsigte van die Khampepe-kommissie se bevindinge en aanbevelings ter tafel gelê. Die Raad het kennis geneem van die voorgestelde roetekaart om verdere stukrag en momentum aan die Universiteit se transformasiewerk te verleen, en het 'n afsonderlike vergadering aangevra om die kommissie se bevindinge en aanbevelings te bespreek. Die vergadering sal in die eerste kwartaal van 2023 belê word.

Klik hier vir [die Khampepe-verslag](#).

AANVAARDING VAN TABAKMORATORIUM

Ná druk gesprek en met die instemming van die fakulteitsrade en die Senaat het die Raad die volgende verklaring ten opsigte van die tabakbedryf formeel aanvaar:

"Die Universiteit Stellenbosch sal voortaan enige betrokkenheid by die tabakbedryf of entiteite wat die belange van die tabakbedryf bevorder van die hand wys. (Finansiële steun wat vanaf die tabakbedryf gekanaliseer word, sal ook van die hand gewys word.)"

Die besluit volg ná direkteie in dier voege van die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) om toekomstige navorsingsfinansiering te verseker. Dit strook ook met soortgelyke stappe deur verskeie ander hoërondwysinstellings wêreldwyd. Die US sal voortgaan om in dié verband met die WGO te skakel.

AKADEMIESE VERNUWING AS SPELWISSELAAR

Prof Deresh Ramjugernath, Viserektor: Leer en Onderrig, het sy jaarverslag aan die Raad voorgelê. Hy het onder meer 'n oorsig gebied van vordering op die terrein van leer en onderrig sedert Julie, toe kontaklesings uiteindelik ná die twee Covid-geteisterde jare kon hervat. Sy aanbieding het klem gelê op die US se studentesuksessyfers sowel as die omvattende beplanning wat reeds gedoen is om akademiese vernuwing te implementeer as een van die spelwisselaars wat die US in die toekoms van ander hoërondwysinstellings sal onderskei. Klik [hier](#) vir prof Ramjugernath se volledige verslag.

VERSCHEIE OORSIGBESTUURSDOKUMENTE GOEDGEKEUR

Die Raad het 'n aantal oorsigbestuursdokumente goedgekeur. Dit sluit in Kode 2040 (gedragskode), die hersiene Beleid oor die Gebruik en Lisenasiering van die US se Handelsmerke, die hersiene Beleid oor die Beskerming en Kommersialisering van Intellektuele Eiendom, die hersiene Beleid insake die Indirekte Kosteverhalingskoers (IKVK) ten opsigte van Derde- en Vyfdeestroominkomste by die US, die hersiene Beleid oor die Koste- en Prysbeplanning van Navorsing en Navorsingsverwante Toekennings en Kontrakte, en die hersiene Beleid oor Verantwoordelike Navorsing. Die Raad het ook die Institusionele Plan vir 2023 eenparig goedgekeur. Die plan sal teen 15 Desember 2022 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ingedien word.

BEGROTING 2023

Bedryfshoof prof Stan du Plessis het die Universiteit se begroting vir 2023 en finansiële beplanning vir 2023 tot 2028 voorgelê, tesame met 'n paar insiggewende feite. Hy het ook uitgewei oor die instelling se uitdagings op kort tot mediumtermyn. Dit sluit in 'n staatsubsidie wat tred verloor het met inflasie en boonop al hoe verder wegkwyn as gevolg van die toenemende eise wat die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS) aan staatshulpbronne stel.

Die Raad het die begroting vir 2023 en die finansiële beplanning vir 2023 tot 2028 goedgekeur soos dit voorgelê is, onderworpe aan bevestiging van die US se staatsubsidie vir die komende jaar.

Die hooftrekke van die begroting vir 2023 is:

- 'n styging van 8% in klasgeld;
- 'n styging van 8,9% in studentehuisvestingsgeld; en
- 'n styging van 6% in personeelsalarisse.

MOSIES

Die Raad het eenparig 'n mosie van waardering aanvaar vir die Universiteit se prestasies soos dit in die Rektor se bestuursverslag uiteengesit is. Hierdie suksesse is te midde van enorme uitdagings in sowel plaaslike as internasionale verband behaal.

Daarbenewens het die Raad 'n mosie goedgekeur om prof Ramjugernath en sy verantwoordelikhedsentrum Leer en Onderrig vir hulle deeglike en goeie jaarverslag te bedank.

EINDE VAN RAADSTERMYNE

Die Raad het afskeid geneem van me Sindi Lingela en ondervoorsitter mnr Hubert Brody, wie se termyn tot 'n einde gekom het. Hulle is vir hulle toewyding en bydraes as Raadslede bedank.

NUWE ONDERVOORSITTER

Dr Nicky Newton-King is eenparig as die nuwe ondervoorsitter van die Raad aangewys.